

# Mediaverklaring

---

## Matrieks is gereed, maar is hulle fiks?

**2021/10/26**

Die matriekeindeksamen begin in alle erns op Woensdag, 27 Oktober 2021. Matrieks het, soos verlede jaar, nóg 'n ingeperkte skooljaar beleef. Skole is bekommerd dat matrieks nie eksamenfiks is nie, omdat hulle sedert die pandemie verskeie eksamengeleenthede misgeloop het. Dit kan tot gevolg hê dat leerders se konsentrasie nie deurgaans volgehou kan word nie, en hulle tydsbeplanning te kort skiet tydens eksamens.

Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies word vanjaar in twee vraestelle geskryf, in plaas van net een elk, soos in die verlede. Die impak van hierdie besluit is nog onseker en sal eers na die eksamen duidelik word. Die skryf van twee vraestelle (twee uur elk) maak wel elke eksamenvraestel se tydsduur korter en deel die werk op, maar eksamenroosters raak so voller en die indeling van werk is nie noodwendig gebalanseerd nie.

Volgens Hugo Vermeulen, Hoof van Opleiding by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS), is die gehaltebeheer van die vraestelle vanjaar onder verdenking. "Vraestelle van praktiese eksamens wat reeds afgelê is, was vol errata. Hierdie foute van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) plaas onnodige druk op leerders wat reeds gespanne is."

Die SOS is vol vertroue dat hul ledeskole, soos in die verlede, goed sal presteer ondanks die uitdagings wat deur die pandemie geskep is. Die veerkragtigheid van suksesvolle skole is weereens bewys tydens die Covid-inperkings. Onderwysers het alles in hul vermoë gedoen om die matriekgroep voor te berei op hierdie belangrike eksamen. Ten spyte van Julie-eksamens wat deur die DBO gekanselleer is, het baie skole tog voortgegaan met die skryf daarvan en slypskole is tydens die vakansie aangebied. Aanlyn klasse was voortdurend aan die orde van die dag.

Die belangrikheid van 'n digitale strategie is weer bevestig. Die goeie vordering wat skole hiermee gemaak het, sal verseker dat vervlegte leer in die toekoms deel bly van suksesvolle skole se onderrigstrategie.

Die SOS wens elke leerder sterkte toe met die eksamen. Ons glo dat leerders, ouers en onderwysers die vrugte sal pluk van hul toewyding!

Vir alle medianavrae: